

Vrydag 9 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 10:1-11

Fokusgedeelte: Openbaring 10:10

Die Here kom – daarom moet die verkondiging van die evangelie voortgaan

Die sewe seëls van die boekrol waarin God se oordele opgeskryf staan, is oopgemaak. Ses van die sewe trompette wat op skrikwekkende dinge van die eindtyd dui, het geblaas. Soos by die sewe seëls, is daar nou 'n onderbreking tussen die sesde en sewende trompet.

Die dubbele tussentoneel in hoofstukke 10 en 11 handel oor die klein boekrol en die twee getuies. Dit het te doen met die gelowiges se volharding. Die klem val op die profetiese taak van die kerk in die eindtyd.

Johannes het 'n sterk engel met 'n klein oop boekrol in sy hand gesien. Hierin is 'n opsomming van die toekomsgebeure. Wat hy daarin vir die heelal voorlees, gaan gepaard met sewe donderslae, simbolies van God se naderende oordeel.

Johannes word verhinder om die boodskap van die sewe donderslae op te skryf. Dit is te skrikwekkend, selfs vir die kerk om te weet. Die engel het toe 'n eed voor God, die Skepper van die heelal, afgelê. Die inhoud van die eed? Daar is geen tyd meer oor nie! Wanneer die laaste trompet geblaas het, sal daar nie meer tyd vir bekering wees nie! Genadetyd is dan verby. Neem ag, onbekeerde sondear!

Daarom ontvang Johannes die opdrag om die boekrolletjie op te eet. In sy mond sal dit soet wees, maar in sy maag bitter. Die inhoud van die evangelie is kort en kragtig: Glo in die Here Jesus Christus en sy soenverdienste en jy sal gered word. Dit is soet en heerlik. Maar: Wee jou as jy nie glo nie! Dan is die evangelie vir jou bitter! God se toorn maak jou naar.

Die Here kom! God se oordele is besig om in vervulling te gaan. Maar die verkondiging van die evangelie aan die ondergaande wêreld moet deurgaans (vs 11). Selfs al is die tyd kort, mag die kerk nie haar roeping verslap nie. Gaan verkondig die evangelie aan almal: aan volke, nasies, tale en magshebbers. Daar is immers nie meer tyd nie!

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspuit)